VAN DE WALL EN VENNOTE
VAN DE WALLGEBOU
SOUTHEYSTRAAT
POSBUS 294
KIMBERLEY

Opgestel deur my

Transportbesorger
ROODT CJT

VIR ENDOSSEMENTE KYK BLADSY
FOR ENDORSEMENTS SEE PAGE 5 ET SEQ

T 219/ 2001

# TRANSPORTAKTE

(Uit krag van 'n Prokurasie)

**Hierby word bekend gemaak**

DAT ABRAHAM JOHANNES SWANEPOEL

Aktebesorger, voor my, Registrateur van Aktes, Vryburg, verskyn het, behoorlik daartoe gemagtig deur 'n volmag geteken te Bloemfontein op **8 Januarie 2001** en aan hom verleen deur

**Die Eksekuteur in die boedel van wyle**
**EMMERENTIA JACOMINA MARIA MARGARETHA DE KLERK**
Boedelnommer : 490/2000

EN die Komparant het verklaar dat

Nademaal **EMMERENTIA JACOMINA MARIA MARGARETHA DE KLERK,** oorlede op 8 Desember 1999

En nademaal die eiendom hierna beskryf oorgedra word kragtens die bepalings van die **testament** van wyle **EMMERENTIA JACOMINA MARIA MARGARETHA DE KLERK,** Weduwee, welke testament gedateer is te Kuruman op 15 November 1995, onderhewig aan die voorwaardes van die genoemde testament hierinlater volledig uiteengesit;

En nademaal in terme van die testament, die eiendom hierna beskryf, vererf aan die twee seuns van die oorledene synde ABRAHAM JOHANNES DE KLERK en RYNARD ADRIAAN DE KLERK, maar die Wet op Onderverdeling van Landbougrond, Wet 70 van 1970 dit verbied dat onroerende eiendom by oordrag verdeel word en daar in die gemelde testament van die oorledene voorsiening gemaak word dat 'n beslote korporasie, maatskappy of soortgelyke ondernemingsvorm of trust gestig kan word indien die erfgename nie 'n herverdelingsooreenkoms kan of wil aangaan nie;

En nademaal die erfgename nou 'n **beslote korporasie** gestig het met hulle as enigste lede

NOU DERHALWE die genoemde Komparant in sy hoedanigheid voormeld hiermee in volkome en vrye eiendom sedeer en transporteer aan en ten gunste van

**HENQUE 3516 BK**
**CK nr 2000/061022/23**

Diens opvolgers in titel of regverkrygendes

Gedeelte 1 (Mogobe) van die plaas Legoko nr 460
Geleë in die afdeling Kuruman, provinsie Noordkaap
Groot 1060,6507 (eenduisend en sestig komma ses vyf nul sewe) hektaar

AANVANKLIK oorgedra kragtens Transportakte nr T6096/1912 met kaart wat daarop betrekking het en gehou kragtens Transportakte nr T1742/1992

ONDERHEWIG AAN :

A. Die voorwaardes vervat in Grondbrief K.Q. 4/13, Nr VI waarvan as volg lui

"VI That all rights to gold, silver and precious stones found of discovered at any time on or in the land hereby granted shall be reserved to the State, together with a right of ingress to and egress from any mines or works undertaken for mining or prospecting purposes by any person or persons authorised by the State. The further right shall be reserved to the State to resume proprietorship of any portions of such lands and of the water supply thereof as may be required for the convenient working of mines or works for gold, silver or precious stones on payment of such sums of money in compensation as may be mutually agreed upon by the parties concerned, or failing such agreement, as may be determined by arbitration."

B. Notariële Akte van Serwituut nr K105/1975S waarkragtens die reg aan ESKOM verleen is om elektrisiteit te lei oor die binnegemelde eiendom deur middel van drade en/of kabels of ander toebehore, bo-oor of onderdeur, soos meer volledig sal blyk uit die gemelde Notariële Akte.

~~C. VERDER onderhewig aan die volgende voorwaarde van die voormelde~~ testament (klousule 2) gedateer 15 November 1995, naamlik :

"Enige voordeel wat kragtens hierdie testament of 'n kodisil daartoe aan 'n begunstigde toeval asook enige inkomste daaruit verdien, sal uitgesluit wees ~~van die regsgevolge van sy of haar bestaande of toekomstige huwelik.~~"

WESHALWE DIE Komparant afstand doen van al die regte en titel wat die gesegde boedel van wyle **EMMERENTIA JACOMINA MARIA MARGARETHA DE KLERK, nr 490/2000**

voorheen op genoemde eiendom gehad het, en gevolglik ook erken dat die boedel geheel en al van die besit daarvan onthef en nie meer daartoe geregtig is nie, en dat kragtens hierdie akte, bogenoemde **TRANSPORTNEMERS**

Diens opvolgers in titel of regverkrygendes tans en voortaan daartoe geregtig is, ooreenkomstig plaaslike gebruik, behoudens die Regte van die Staat en ten slotte erken hy dat die **waarde** van die eiendom vir boedeldoeleindes die som van **R400,000-00 (vierhonderdduisend rand)** beloop.

TEN BEWYSE waarvan ek, die genoemde Registrateur, tesame met die Komparant, hierdie akte onderteken en dit met die Ampseël bekragtig het.

Aldus gedoen en geteken op die kantoor van die Registrateur van Aktes
te **Vryburg** op 2001-01-30

qq sy Prinsipaal/ale

In my teenwoordigheid,

REGISTRATEUR VAN AKTES

Hereregtevrystelling uitgereik deur die Ontvanger
van Inkomste, Kimberley op

Nagesien :

1. 2.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
DEPARTEMENT VAN FINANSIES

BINNELANDSE INKOMSTE
Ink.684

DEEL I

# HEREREGTE

TRANSPORTGEWER (Verkoper) Eksekuteur in die boedel van wyle EMMERENTIA JACOMINA MARIA MARGARETHA DE KLERK, nr 490/2000

TRANSPORTNEMER (Koper) HENQUE 3516 BK
CK nr 2000/061022/23

BESKRYWING VAN EIENDOM

Gedeelte 1 (Mogobe) van die plaas Legoko nr 460
Geleë in die afdeling Kuruman, provinsie Noordkaap
Groot 1060,6507 (eendulsend en sestig komma ses vyf nul sewe) hektaar

Poskode van distrik waarin eiendom geleë is

Wyse van verkryging (skenking, huur, ruil, ens): Erfenis

Datum van transaksie: 8 Desember 1999 | Vergoeding: R nil

HEREREGTE BETAAL DEUR VAN DE WALL EN VENNOTE, Posbus 294, KIMBERLEY (MP)
Posadres:

Munisipale, Afdelingsraad- of ander plaaslike bestuurswaardering: R 400,000-00

VIR AMPTELIKE GEBRUIK

Hereregte betaal op R........ , Synde

Wet waarkragtens hereregte gehef word

Staal-rojeerstempel van kantoor van uitreiking
11.12.00 ... 1059

ONTVANGER VAN INKOMSTE, KIMBERLEY
RECEIVER OF REVENUE, KIMBERLEY
2000-12-11

KASREGISTERKWITANSIE
HEREREGTE/TRANSFER DUTY
VRYGESTEL INGEVOLGE ARTIKEL 9 (1) VAN DIE HEREREGTEWET: (i)
EXEMPT FROM TRANSFER DUTY IN TERMS OF SECTION 9 (1) OF THE TRANSFER DUTY ACT: (i)